IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-06-23

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL
PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 112

(Bladsye 5 554 - 5 600)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF HERVAT OP 23 JUNIE 1986.

MR TIP : My Lord, may I approach the Court for leave for accused no. 15, Mr Hlanyane, at some stage in the morning to be taken for a medical examination at the Benoni/Boksburg Hospital?

COURT : Yes, thank you.

HENRY ROMANS RICH, v.o.e.

MNR. HANEKOM : U Edele, hierdie getuie ook oor Somerset-Oos.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Rich, u is die woongebiedbestuurder van die Swartwoongebiede by Somerset-Oos? -- Dit is korrek.

Sedert wanneer is u in daardie hoedanigheid? -- Ek het daar begin werk op 1 Junie 1980.

As woongebiedbestuurder? -- As woongebiedbestuurder.

Ons het getuienis dat die woonbuurt in Somerset-Oos uit drie gebiede bestaan? -- Dit is korrek.

In watter een van die drie gebiede was u kantoor geleë? -- My kantoor was in New Brighton.

En die gemeenskapsaal in Somerset-Oos? -- Die gemeenskapsaal was in die ou lokasie in Somerset-Oos.

Het u in die periode 1980 tot begin 1984 agtergekom dat daar enige politieke partye bedrywig was in die woongebiede? -- As 'n reël was die woongebied baie stil en daar was geen - ek kon nie agterkom dat daar enige politieke organisasies aktief daar was nie.

Het dit op 'n stadium verander? Het daar politieke partye ontstaan? -- Ongeveer Julie/Augustus 1984 het ek opgemerk dat daar een of ander element is wat moedswillig optree en dinge doen wat nie as normaal is nie. Hulle het byvoorbeeld slote oor die strate gegrawe, klippe gepak oor die strate,

... / hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

hulle het die waterkrane gedurende die aande in die strate afgebreek, dan loop die water en die straatligte het hulle aanhoudend, as ek dit laat regmaak, dan gooi hulle dit weer uit, skiet dit uit of ek weet nie hoe hulle dit uitkry nie.

Is daar in daardie tyd enige pamflette versprei in die gebied? -- Daar was toe van laat Augustus af verskeie pamflette versprei in die gebied en daar was ook plakkate teen bome en mure opgeplak. Ek het van hierdie pamflette en plakkate in die hande gekry en ek het dit geliasseer in my kantoor.

Waaroor het hierdie pamflette gehandel? -- Die pamflette het meestal oor bewegings soos UDF en COSAS gehandel.

HOF : Is dit nou pamflette wat uitgegee is deur die UDF en uitgegee deur COSAS of handel dit oor COSAS en handel dit oor UDF? -- Ek weet nie wie dit uitgegee het nie. Dit was in die strate opgetel gewees, maar dit het gepraat van UDF en andere van COSAS.

MNR. HANEKOM : Het die pamflette enige vergadering geadverteer? -- Die plakkate op die bome en teen die mure het gepraat het geadverteer van vergaderings wat gehou gaan word.

Het die pamflette gesê watter organisasies die vergaderings sou hou? -- Daar was een wat gesê het dat die "vice-president" van UDF die vergadering sal toespreek.

Het die plakkaat gemeld wie die "vice-president" was? -- Dit het gesê dit is 'n mnr. Fasie.

Is dit een van die plakkate wat u in u kantoor gehou het? -- Dit is een van die plakkate wat ek in my kantoor in my lêer gehou het.

Kan u onthou van ander mense wat gemeld is op plakkate? -- Daar was 'n plakkaat wat gesê het mnr. Goniwe van Cradock sal die vergadering toespreek. Daardie plakkaat het nie gemeld of hy van die UDF is nie.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was daar ander sprekers wat u kan onthou op die plakkate gemeld? -- Daar was een plakkaat gewees wat gesê het die gasspreker sou mev. Molly Blackburn wees.

Het die plakkaat gemeld watter organisasie se vergadering dit was? -- Ek kan nie meer mooi onthou daardie spesifieke plakkaat nie. Hulle het gesê mev. Molly Blackburn van die Black Sash, maar ek kan nie goed onthou watter organisasie dit versprei het nie, of die vergadering sou gehou het nie.

Van die plakkate wat u in u kantoor gehou het, wat het daarvan geword? -- Dit was uitgebrand toe my kantoor vernietig was deur 'n vuur.

Op watter datum is u kantoor uitgebrand? -- My kantoor het op 16 Maart 1985 uitgebrand.

Ons sal terugkom by die voorval waar u kantoor gebrand het. Ek wil u net eers iets anders vra. U het COSAS genoem en u het UDF genoem. Het u aan die einde 1984, begin 1985 agtergekom of daar ander organisasies bedrywig was in die gebied? -- Gedurende November 1984 het daar 'n persoon by my gekom, eintlik drie persone by my gekom en wou hulle die saal boek vir 'n vergadering. Ek het gevra waarom hulle die saal boek. Die antwoord was dit was vir 'n vergadering van die UDF. Die een het gesê hy is die voorsitter - jammer, hy het gesê hy is die president van die Summerset East Youth Congress.

Hoe het die persoon homself voorgestel? Wie was die persoon? -- Dit was een van die drie. Hy het net vir my gesê hy is die president van die Summerset East Youth Congress. Die eintlike spreker wat met my gepraat het om die saal te boek het gesê hy is Balazana. Dit is sy van. Hy is die Summerset East President van die UDF. Ek het nie die saal aan hulle toegeken nie. Hulle het my kantoor daarna verlaat.

... / U

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

U het nou van twee persone gemeld. Het u die derde persoon se naam te hore gekom? -- Nee, hy is onbekend aan my.

Gedurende Desember 1984 was daar enige slagspreuke teen die biersaal se muur geverf? -- Daar was slagspreuke teen die biersaal se muur geverf.

Kan u onthou wat die slagspreuke was? -- Daar was een slagspreuk wat gesê het "ANC is alive".

Kan u van die ander onthou? -- Hy het gepraat van die UDF maar die presiese woorde kan ek nou nie meer onthou nie.

MR TIP : My Lord, whilst My Learned Friend has gone onto another subject, the evidence concerning the positions in these organisations relating to the other gentlemen that this witness has spoken about, that clearly would appear to be hearsay.

COURT : I gave a ruling on that. It is not to be direct evidence of the alleged positions of these people.

MR TIP : I was unaware of that.

COURT : There was a ruling on an objection by Mr Bizos the other day.

MNR. HANEKOM : Het u gereël dat die slagspreuke doodgeverf word? -- Ek het gereël dat die slagspreuke doodgeverf word.

Nadat die muur skoon was, het daar weer slagspreuke verskyn of nie? -- Die eerste slagspreuk het van die UDF gepraat en die tweede een het gesê "ANC is alive. Blood will flow."

Was u bewus van 'n organisasie in die gebied met die naam van Summerset East Residents Organisation, SERA? -- Dit het onder my aandag gekom.

Hoe het dit onder u aandag gekom? -- Daar het vyf mense na my toe gekom en gesê hulle is die verteenwoordigers van die Summerset East Residents Committee.

Net voor u verder gaan. Van watter tydstip praat u?

... / Wanneer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wanneer het hulle na u toe gekom? -- Dit was in April 1985.

Het u van die mense geken? -- Ek het hulle almal geken.

Kan u onthou wie dit was? -- Die persoon wat opgetree het as spreker was mnr. Wilson Ngwalangwala. Hy het vir my gesê hy is die voorsitter.

En die ander vier? -- Toe het hy gesê die predikant wat daar was, ek kan nie sy naam uitspreek nie en ek kan hom nie onthou nie, ek kan nie sy naam onthou is nie, is 'n lid. Mnr. Donald Mbotya was 'n lid. Hy het vir my gesê mnr. Eric Ngwalangwala is ook 'n lid. Mnr. Mtoto was die sekretaris.

Waarom het die mense u kom sien? -- Hulle het vir my gesê hulle wil met my sake bespreek en my help.

Kan u net uitbrei daarop? -- Daar was toe alreeds onluste in die gebied en my kantoor was toe alreeds verwoes gewees. Ek het hulle gevra op watter outoriteit hulle my wil sien. Of hulle aangestel was en of hulle hulle self aangestel het. Hulle het vir my gesê hulle het hulle self aangestel. Ek het aan hulle gesê ek sal 'n ontmoeting reël met my hoofkantoor vir hulle, maar ek myself sal niks met hulle bespreek nie.

Was dit al wat tussen u en hulle plaasgevind het? -- Hulle wou nie 'n ontmoeting met hoofkantoor nie en daarop het ek gesê dan kan ek niks verder vir hulle doen nie.

Het u persoonlik geweet, kennis gedra van wie die voorsitter was van die Summerset East Youth Congress in die begin 1985? -- Ja, die voorsitter van die SummerSet East Youth Congress, volgens my kennis, was 'n sekere Mvoko.

Hoe het u die kennis bekom? -- Sy moeder het by my in die kantoor gewerk as skoonmaakster en teemaker. Sy het vir my gesê hy is die voorsitter.

Het u hom self ook geken, vir Mvoko? -- Ek het hom gesien, maar ek het hom nie geken nie.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Hoe ver moet ons gaan met hoorsê, mnr. Hanekom?

MNR. HANEKOM : Ek gaan die aspek nie verder voer nie.

HOF : Wel, dit word deurgehaal.

MNR. HANEKOM : Ons kom nou by 11 Februarie 1985. Was u daardie oggend in u kantoor? -- Ek was op kantoor.

Was die voorsitter van die gemeenskapsraad, mnr. Memese, by u in die kantoor? -- Hy was my kassierklerk gewees. Hy was ook op kantoor saam met my.

Wat het die dag daar gebeur? -- Ongeveer tussen 09h00 en 10h00 het daar 'n klomp mense ongeveer vyfhonderd, ek het hulle geskat tussen die ouderdomme van 15 en 25 jaar op my kantoor vanaf 'n suidelike rigting afgestorm. My kantoor was omhein met veiligheidsdraad met 'n hek aan die suidekant en 'n hek aan die westekant. By die suidekant se hek het hulle ingekom.

HOF : Was die hek oop? -- Die hek was oop. Die hek het direk gelei na my inkomstekantoor toe. Die voorstes het in die inkomstekantoor ingekom. Ek het voor om die toonbank hulle tegemoet gegaan. Ek het hulle gesê hulle moet uit die kantoor uitgaan, hulle kan nie almal daar ingaan nie, die plek was beperk gewees. Die klerk het vir my gesê die mense wil hom hê.

Dit is nou mnr. Memese? -- Ja. Hulle het ook vir my gesê hulle soek vir Memese. Ek het vir hulle gesê hulle moet die kantoor verlaat, hulle kan hom nie kry nie, hy is aan diens.

MNR. HANEKOM : Net voor ons verder gaan, hhet u enige van die mense wat in die kantoor was, wat ingekom het, herken of geken? -- Ek het van hulle herken, ja.

Persoonlik geken of net van sien? -- Net van sien.

Het enigeen van hulle gesê waarom hulle Memese wou hê?

... / Hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Hulle het nie vir my gesê waarom hulle Memese wil hê nie.

Gaan voort, asseblief? Wat het gebeur? -- Memese was vreesbevange gewees. Daar het voor die toonbank tussen my en die mense 'n bankie gestaan waarop mense kon sit. Op die bank het 'n kierie gelê. Ek het die kierie opgetel en aan hulle gewys om uit te gaan uit die kantoor uit. Ek het na hulle toe beweeg en hulle het agteruit beweeg. Ek het aanhou beweeg. Hulle het by die hek terug uitbeweeg verby die hek. Ek het die hek toegemaak en teruggekom in die kantoor en die kantoordeur ook toegemaak. Die kantoor het hierdie "yale-locks" opgehad. Met die gevolg, ek het hom net toegeslaan, toe was hy gesluit. Die skare het 'n dreigende houding buite aangeneem. Ek het gesien ek en Memese kan ons nie verset teen daardie mense nie. Ek het 'n haelgeweer in my kantoor gehad. Ek het drie patrone in die haelgeweer gelaai. Ek het die haelgeweer vir Memese gegee en gesê "Spring jy in die 'van' in." Die "van" het voor my kantoor gestaan. Ek het self my kantoor se voordeur toegeruk en ook na die "van" toe gegaan. Ek het dadelik na die polisie gegaan. Ons was ongeveer 'n kilometer weg van die polisiekantoor af. Toe ek wegtrek het hulle die agterruit van my voertuig met 'n klip stukkend gegooi en ander klippe na ons gegooi. Ek het by die polisiestasie gekom en vir hulle gesê dat die mense my kantoor aanval.

<u>MNR. TIP VRA VERLOF DAT BESKULDIGDE NR. 15 NOU DIE HOFSAAL VERLAAT</u>.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Gaan voort, asseblief. -- Hulle het onmiddellik voorbereidings getref en saam met my teruggegaan. Op my pad terug het iemand wat in die teenoorgestelde rigting gery het in Xhosa iets gesê, hard geskreeu na ons toe. My klerk was saam met my in die voertuig. Ons het toe bymekaar

... / verbygegaan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

verbygegaan. Toe het hy iets in Xhosa gesê. Toe het my klerk vir my gesê ons moet na sy huis toe gaan, hulle is na sy huis toe.

HOF : Memese se huis? -- Memese se huis. Ek moes voor my kantoor langs ry. Daar was toe niemand by my kantoor toe ek daar verbygegaan het nie. Ek het direk na Memese se huis toe gegaan. Toe ek daar kom het ek gesien dat al die ruite aan die voorkant van die huis stukkend gegooi was. Ek het nie in die huis ingegaan nie. Ons het verder gery. Hulle het daar gesê hulle is na Petrus Antonie se huis toe.

MNR. HANEKOM : Toe u by Memese se huis was, was daar nog mense op die toneel? -- Net sy familie was daar gewees. Daar was niemand daar nie.

Wie was Petrus Antonie? -- Petrus Antonie was die hoofverkoopsman by die biersaal. Hy is ook bekend as Moolman.

Hoe ver is sy huis van Memese se huis? -- Sy huis is ongeveer 'n halwe kilometer van Memese se huis af.

HOF : In 'n ander woongebied? -- In dieselfde woongebied.

Is dit nou New Brighton of die ou lokasie? -- Dit is in Mnandi.

MNR. HANEKOM : Het u na Antonie se huis gery? -- Ek het soontoe gegaan en gesien dat sy huis se vensters ook almal stukkend gegooi was.

Was daar nog mense by sy huis? -- Die mense was reeds weg daarso.

Waarheen het u toe gery? -- Ek het toe weer in die rigting van Memese se huis gery. Op pad soontoe het ek gesien dat die polisie daar in die straat staan en daar 'n klomp mense in daardie omgewing is. Ek het naby die polisie gaan stilhou, op 'n hoek. Ek en Memese het albei uitgeklim. Toe ek voor die bakkie kom, toe begin hulle my met klippe gooi. Ek het

... / gesien

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gesien Memese lig die geweer en gehoor dat 'n skoot klap.

Hoeveel mense was ongeveer in die groep wat u met klippe gegooi het? -- Daar was ongeveer tweehonderd mense daar.

Het u gesien of Memese enige persoon getref het? -- Nee, ek het nie gesien dat hy enigiemand getref het nie, maar in die rigting wat hy geskiet het, was wel mense gewees.

HOF : Wat het die polisie gedoen op daardie stadium? -- Die polisie was ook met klippe gegooi en hulle was 'n bietjie verder na ons voorkant toe. Hulle was ook daar besig met mense. Memese het teruggekom - ek het hom teruggeroep na die voer-tuig toe en ons is toe na sy huis toe.

MNR. HANEKOM : Wat vind u daar? -- Sy gordyne was in repe gesny van bo tot onder. Daar was nie een wat heel was nie. Sy meubels se bekleedsel was almal gesny en gekap. Hulle was nutteloos. Sy TV, dit was 'n draagbare TV gewees, het daar plat getrap gelê op die vloer en sy HiFi radio wat op 'n battery gewerk het, tot die battery was ook stukkend gewees. Dit was ook plat getrap gewees. In sy voorhuis het ek gesien daar is 'n koffietafel wat ook stukkend getrap was. In 'n kamer was sy bed. Dit was ook stukkend gewees. In die kombuis het orals stukkende koppies en borde gelê. Sy potte was plat getrap. Tot sy teelepels was gevat en messe en vurke was gevat en omgebuig.

Is u en Memese weer weg van sy huis af? -- Memese het saam met my teruggegaan kantoor toe.

Wat het u daar gedoen? -- By die kantoor het ek net die geld wat hy tot daar toe ontvang het gekontrolleer met die kwitansieboek en oorgeneem van hom af en vir hom gesê hy moet teruggaan huis toe. Ekself het die geweer gevat en ontlaai.

... / Hoeveel

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoeveel patrone was nog in die geweer? -- Daar was net twee patrone in die geweer.

Is Memese te voet huis toe? -- Hy het met sy privaat vervoer huis toe gery. Die polisie was toe in daardie omgewing gewees.

Het u Memese weer daardie dag gesien? -- Ek het hom nie daardie dag gesien nie. Ek het hom die volgende môre vroeg weer gesien.

Ons kom by 16 Maart 1985. Op daardie dag is ŉ vrou Deborah Memese begrawe in die Swartgebied. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Was u daardie dag in u kantoor? -- Dit was ŉ Saterdag. Ek was nie op kantoor nie. Ek het geweet van die begrafnis wat daar sou plaasvind.

Is u na u kantoor toe die dag of nie? -- Ek was nie na my kantoor toe nie.

Wanneer het u weer by u kantoor gekom? -- Ek het daardie aand ongeveer 19h00 na my kantoor toe gegaan.

Wat vind u toe by die kantoor? -- Die kantoor was uitgebrand gewees.

Was enige ander geboue gebrand wat u gesien het? -- Die biersaal wat ongeveer 20 meter van my kantoor af is, was ook uitgebrand gewees. ŉ Winkel langs die biersaal was uitgebrand gewees. ŉ Huis reg voor die biersaal was ook uitgebrand gewees.

Wie se huis was dit? -- Dit was die nagwag van die biersaal se huis gewees. 19h00 daardie aand het die geboue nog gebrand, maar hulle was verwoes gewees. Dit het nog binne-in die geboue gebrand.

Het u die volgende dag, 17 Maart, enige geboue gesien wat brand? -- Op 17 Maart het ek gegaan en gesien dat daar

... / nog

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nog twee huise - een huis in 5de Laan, New Brighton en een huis in Lotteringstraat , Mnandi ook uitgebrand was.

Wie se huise was dit? -- Die een in 5de Laan, New Brighton was een van my woongebiedkonstabels se huise en die een in Lotteringstraat, Mnandi was die onder-voorsitter van die gemeenskapsraad se huis.

Het u enige ander geboue gesien wat gebrand het daardie dag? -- Ek het gesien dat daar 'n slaghuis ook gebrand was - aan die brand gesteek was. Die slaghuis is ook in New Brighton geleë.

Aan wie het dit behoort? -- Dit het aan speurder konstabel Mguba van die SAP behoort.

Die dag daarop, 18 Maart, het daar geboue gebrand in die gebied of nie? -- Nee, daar was nie. Die aand van die 17de het hulle - altans, die 18de het ek gesien dat hulle my stoor langs my kantoor afgebrand het.

Voor Augustus 1984 het die inwoners van die gebiede gereeld huur betaal of nie? -- Hulle het gereeld huur betaal.

Wat was die tendens na Augustus 1984? -- Daar was gevalle waar mense geweier het om te betaal. Ek moes dagvaardings uitreik teen hulle en hofbevele kry om hulle uit te sit uit die huis uit, voordat hulle enigsins wou betaal.

MNR. TIP VRA VIR 'N KORT VERDAGING.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

HENRY ROMANS RICH, nog onder eed

MR TIP : There are some aspects on which we will not be able to cross-examine this witness at present. I do not know whether it will become material once we have instructions to take it further, but I will deal with what I can presently.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Mnr. Rich, die slote oor

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die strate wat u beskryf het, het dit dikwels voorgekom?

HOF : U sal moet harder praat, anders gaan die getuie u nie hoor nie.

MNR. TIP : U het melding gemaak van die slote wat in die strate gegrawe was. -- Ja.

En klippe wat in die strate gegcoi was? -- Oor die straat gepak was.

Het dit dikwels voorgekom? -- Dit het in daardie tyd - van daardie tydperk af dikwels voorgekom.

Sê u dat dit in al drie woongebiede gebeur het? -- Dit het in al drie woongebiede gebeur.

En het u stappe daaromtrent geneem? -- Ek kon geen ander stappe neem as om dit net te probeer herstel en die klippe te verwyder en die slote toe te gooi en die krane te herstel en die ligte te laat herstel nie.

Het u ondersoek ingestel om te probeer uitvind hoe die dinge nou gebeur? -- Ek het navrae probeer doen, maar sonder enige sukses.

Wanneer is u genader om getuienis hier te kom gee? -- Om hier getuienis te kom gee?

Ja? -- Laas Maandag. Vandag agt dae gelede.

Dit was die eerste keer? -- Die eerste wat hulle my gesê het ek moet hiernatoe kom en getuienis kom gee.

Het u toe 'n verklaring uitgeskryf of is 'n verklaring van u geneem? -- Daar was notas van my geneem, ja.

Het u ooit vantevore, voor hierdie tyd 'n verklaring gemaak in verband met die gebeurtenisse waaroor u getuig het? -- Ek het 'n verklaring gemaak omtrent my kantoor wat uitgebrand was en die huise wat uitgebrand was en waar my kantoor op 11 Februarie aangeval was.

Voor die verklaring het u geen verklaring gemaak nie? --

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek weet nou nie in verband met wat nie.

HOF : Watter aspek, mnr. Tip? Oor 11 Februarie se stories of oor 16 Maart se stories?

MNR. TIP : Ek sal dit probeer meer duidelik stel. Die pamflette en plakkate waaroor u getuig het, het u ooit 'n verklaring in hierdie verband gemaak? -- Nee.

Dus die eerste keer wat u waarskynlik daarvan notas gemaak het, was verlede Maandag? -- Ek het nie verlede Maandag enige notas gemaak nie. Ek was verlede Maandag verwittig dat ek getuienis hier moet kom gee.

Ek wil dit net aan u stel dat soos ek die getuienis tot dusver verstaan, daar geen getuienis is dat daar teen Augustus 1984 pamflette en plakkate daar in die omgewing versprei was nie? Kon u miskien oor die tydperk 'n fout gemaak het? -- Vanaf Augustus 1984 tot Desember 1984. Gedurende daardie tydperk was daar pamflette versprei en plakkate teen bome en mure opgeplak.

U het melding gemaak van 'n plakkaat wat melding gemaak het van mnr. Goniwe wat 'n vergadering sou toespreek? Onthou u dit? -- Ja, ek onthou dit.

Wanneer het u hierdie plakkaat gesien? -- Dit is gedurende daardie tydperk. Ek kan nie die spesifieke datum sê nie.

Dus, die plakkaat kon teen Desembermaand deur u gesien gewees het? -- Ek kan nie die spesifieke tydperk onthou nie.

U het gesê dat u pamflette gesien het wat oor COSAS en UDF handel. Is dit reg? -- Ja, ek het so gesê.

Het u ook pamflette gesien wat oor COSAS, SERA en SEYCO handel? -- Ek kan nie onthou dat ek een pamflet gesien het wat al drie gemeld het nie.

Mnr. Fasie, wanneer het hy u kom spreek? -- Hy het my nog nooit kom spreek nie.

... / MNR. HANEKOM

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. HANEKOM : Die getuienis was nie dat mnr. Fasie die getuie ooit kom spreek het nie. Hy het mnr. Fasie se naam op 'n plakkaat gesien.

MNR. TIP : Ja, dit is so. Kon dit in Februarie 1985 gewees het dat die gesprek gevoer is?

HOF : Watter gesprek?

MNR. TIP : Dat u die plakkaat gesien het wat melding gemaak het dat mnr. Fasie 'n vergadering sou toespreek? -- Dit was voor Desember 1984.

Ek glo nie dit is van groot belang nie, maar ek moet dit in elk geval aan u stel dat mnr. Fasie slegs vise-president van die UDF in hierdie streek geword het in Februarie 1985? -- Ek weet nie wanneer hy vise-president geword het nie.

En as u wel so 'n plakkaat gesien het, dat dit slegs van Februarie 1985 gewees het? -- Ek het daardie pamflet voor Desember 1984 gesien.

HOF : Pamflet of plakkaat? -- 'n Pamflet.

Met Fasie se naam op? -- Nee, dit was 'n pamflet.

MNR. TIP : Net om met SEYCO af te handel, wanneer het dit as organisasie begin? Weet u? -- Nee, ek weet nie wanneer dit ingestel is as organisasie nie. Ek weet nie wanneer dit begin het nie.

Wie se taak is dit om te besluit of 'n organisasie gebruik kan maak van die gemeenskapsaal? -- Dit is my verantwoordelikheid om te besluit of die persoon of persone die saal kan kry of nie.

Hoeveel sale is daar? -- Net een.

En dien die saal al drie woongebiede? -- Dit is korrek.

Wat was die rede dat u besluit het om die saal nie te laat gebruik word deur SEYCO nie? -- Die mense wat na my toe gekom het, het nie gesê hulle wil die saal vir SEYCO

... / boek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

boek nie. Die rede waarom ek vir hulle gesê het hulle kan nie die saal kry nie, nommer een die saal was reeds geboek vir daardie tydperk wat hulle die saal wou gehad het. Nommer twee, volgens my oordeel was dit vir 'n politieke rede.

Word die saal nooit gebruik vir politieke vergaderings nie? -- Vir politieke vergaderings het ek as 'n reël die gemeenskapsraad geraadpleeg. Ek kon nie op daardie spesifieke tydstip die gemeenskapsraad raadpleeg nie.

Was die versoek aan u gerig by u kantoor? -- Dit is korrek.

Was mnr. Memese teenwoordig op hierdie tydstip? -- Hy was nie teenwoordig toe die versoek aan my gerig is nie. Hy was in die aangrensende kantoor.

Het u die aangeleentheid met hom bespreek? -- Ek sou dit met hom bespreek het,ja, maar ek het dit nog nie met hom bespreek nie.

Ek verstaan die antwoord nie. -- Ek het dit nog nie met hom bespreek nie, toe hulle my kantoor aangeval het. Tot op daardie stadium het ek dit nog nie met hom bespreek nie.

Ek praat nou van die tydstip toe die persoon u genader het in November 1984? -- In November 1984 het hulle my genader vir die saal, ja.

Het u toe met mnr. Memese ... -- Ek het dit nie met hom bespreek nie.

Is daar enige rede hoekom nie? -- Daar was nie 'n rede gewees hoekom nie. Ek het dit net nie met hom bespreek nie.

Was daar wel politieke vergaderings gehou in die gemeenskapsaal? -- Daar was vir algemene vergaderings die saal geboek. Ek weet nie of daar politieke aangeleenthede bespreek was nie. Ek het nie die vergaderings bygewoon nie. Dit was op die regte manier geboek gewees. 'n Aansoekvorm was voltooi gewees.

... / Wanneer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wanneer het mnr. Memese voorsitter van die gemeenskapsraad geword? -- In 1983, Oktobermaand.

Was hy voor die tyd as 'n gewone lid verkies? -- Hy was voorheen as 'n gewone lid verkies.

Vir hoe lank was hy werksaam as klerk in u kantoor? -- Hy is daar aangestel in 1979. Dit was voordat ek daar gekom het. Toe ek daar gekom het, was hy reeds kassiersklerk gewees.

En hy was 'n werknemer van die Administrasieraad? -- Dit is korrek.

Weet u of daar enige verbod in die Wet op gemeenskaps-rade is in verband met 'n werknemer van die Raad se beskikbaarheid as kandidaat vir 'n gemeenskapsraad? -- Daardie persoon het met toestemming van hoofkantoor homself verkiesbaar gestel en die toe bestaande gemeenskapsraad het geen beswaar geopper dat hy as lid aangestel word nie.

Wanneer was dit? -- In 1983. Ek het geen reg of outoriteit om dit te weier nie of om te sê dat hy dit nie mag wees nie.

Maar hy was vantevore ook 'n lid van die gemeenskapsraad? -- Hy is in 1983 gekies as 'n lid van die gemeenskapsraad.

<u>HOF</u> : Het hy in 1983 lid geword en voorsitter geword? -- En daardie selfde jaar is hy gekies as voorsitter. In Oktober elke jaar word daar 'n voorsitter gekies, wat dan vir 'n jaar as voorsitter dien.

<u>MNR. TIP</u> : Dan het ek miskien 'n vorige antwoord van u mis verstaan. Was hy voor 1983 nie 'n lid van die gemeenskapsraad nie? -- Nee, hy was totdat hy in 1983 gekies is as 'n lid van die gemeenskapsraad nie lid gewees nie.

<u>HOF</u> : Was die verkiesing begin 1983? -- Hy het 'n vakature gevul. Daar was hy verkies met 'n verkiesing. Voor die verkiesing van die voorsitter, was hy gekies as lid van die

... / gemeenskapsraad

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gemeenskapsraad.

MNR. TIP : Is dit wel so dat daar 'n bepaling in die Wet is teen werknemers van die Administrasieraad om lid van die gemeenskapsraad te word? -- Ek weet nie of daar so 'n bepaling is nie. As daar so 'n bepaling is, sou hoofkantoor hom nie toestemming gegee het om hom verkiesbaar te stel nie.

Maar u het wel gesê dat hoofkantoor vir toestemming genader is? -- Hy is met die toestemming van hoofkantoor - het hy hom verkiesbaar gestel.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Mnr. Tip, kan ons net duidelikheid kry. As u praat van hoofkantoor, watter kantoor is dit? -- My hoofkantoor.

Watter kantoor is dit? -- Dit is die Ontwikkelingsraad, Oos-Kaap Ontwikkelingsraad.

HOF : Waar is hulle gesetel? -- In Port Elizabeth.

MNR. TIP : Hoe sou u die verwantskap beskryf tussen u amp en dié van die Gemeenskapsraad? -- Ek is die uitvoerende beampte van die Gemeenskapsraad.

Is dit die Gemeenskapsraad wat besluite neem oor aangeleenthede wat die gemeenskap raak? -- Ja. As die Gemeenskapsraad enige beslissings geneem het, dan moet ek uitvoering gee daaraan.

En die verwantskap tussen u en mnr. Memese in die kantoor, hoe sou u dit beskryf? -- As hy in die kantoor as amptenaar gewerk het, was hy onder my gewees. Hy kon egter nie vir my 'n mondelinge instruksie gee nie. Die beslissing van die Gemeenskapsraad moet as 'n dokument aan my voorgelê word voordat ek uitvoering aan hom sou gee.

Op 11 Februarie 1985 hoeveel persone het by u - is dit 'n inkomstekantoor wat u van gepraat het? Hoeveel persone van die skare het daar ingekom? -- Uit die hek uit kom hulle

... / op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

op 'n stoep en in die kantoor in. In die kantoor kan hulle net tussen die muur en die toonbank ongeveer twee langsmekaar wees. Daar was reeds agt persone in die kantoor. Die ander was voor op die stoep.

Waar is u kantoor geleë in verhouding tot hierdie kantoor? -- Dit is aangrensend.

En waar was mnr. Memese werksaam op daardie tydstip? -- Hy was agter die toonbank.

HOF : Dit is eintlik sy kantoor daardie? -- In die inkomste-kantoor agter die toonbank.

MNR. TIP : En dit is die plek waar hy gewoonlik werksaam sou wees? -- Dit is korrek.

Het van die persone eers met mnr. Memese 'n gesprek gevoer? -- Hulle het in Xhosa gepraat.

Verstaan u Xhosa? -- Nee.

Het mnr. Memese met hulle 'n gesprek gevoer in Xhosa? -- Hulle het net 'n paar woorde gepraat, nie veel nie. Nie eintlik 'n gesprek gevoer nie.

Het u met hulle 'n gesprek gevoer? -- Ek het, toe ek voor om die toonbank gaan, vir hulle gesê hulle moet die kantoor verlaat. Toe het hulle vir my gesê hulle soek Memese, hulle wil Memese hê. Ek het daarna vir hulle gesê "Julle kan hom nie kry nie, hy is op diens."

Was dit eintlik u eerste woorde aan hulle gewees dat hulle die kantoor moet verlaat? -- U meen daarso?

Daarso, ja. -- Ek het vir hulle gesê hulle kan nie vir Memese kry nie, hulle moet die kantoor verlaat, hy is op diens.

Ek het u getuienis verstaan dat u eers vir hulle gesê het hulle moet uit die kantoor uitgaan? -- Dit is reg. Ek het eers vir hulle gesê hulle moet uit die kantoor uitgaan.

Toe sê hulle vir u hulle wil Memese sien? -- Hulle wil

... / Memese

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Memese sien. Toe sê ek vir hulle hulle kan hom nie sien nie, hy is op diens.

Is dit so dat u eerste woorde aan hulle was hulle moet by die kantoor uitgaan? -- Dit is korrek.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

HENRY ROMANS RICH, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP (vervolg) : Mnr. Rich, ons was voor die teepouse besig met 11 Februarie 1985. U het getuig dat u eerste woorde aan die persone in die kantoor was dat hulle uit die kantoor moes uitgaan? -- Dit is reg.

Ek neem aan, toe u dit gesê het, voor u enige navrae gedoen het,om te probeer uitvind wat hulle daar wou hê, het u dit gevra? -- My Klerk het vir my gesê voordat ek met hulle gepraat het"hulle wil my doodmaak."

HOF : Verwysend na homself? -- Ja.

Dit is nou Memese wat vir u sê hulle wil vir Memese doodmaak? -- Hulle wil hom doodmaak. Daarom het ek vir hulle gesê voordat ek enigiets verder met hulle gepraat het, hulle moet die kantoor verlaat. Hulle moet uit die kantoor uitgaan.

MNR. TIP : Het hy dit so gestel dat hulle hom dood wou maak? -- Hy het die woorde gesê "Hulle wil my doodmaak."

En u onthou hierdie woorde presies, dat dit deur Memese gebesig was? -- Dit is wat hy gesê het.

Maar hoekom het u nie hierdie woorde in u getuienis-in-hoof gemeld nie? -- Omdat dit woorde was wat iemand anders gebruik het en nie ek nie.

Maar u het getuig oor die woorde wat gebruik is? -- Daar was Xhosa gepraat wat ek nie weet wat dit beteken nie en daarna het Memese vir my gesê "Hulle wil my doodmaak." Toe

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het ek vir hulle gesê om my kantoor te verlaat. Hulle moet uit die kantoor uitgaan.

As my nota korrek afgeskryf is deur my het u in hoofgetuienis gesê "Die klerk het gesê die mense wil hom hê." Het u so gesê? -- Ja, ek het so gesê.

En nou sê u dat sy eintlike woorde was dat die mense hom wou doodmaak? -- Dit is korrek.

Hoekom het u nie in u hoofgetuienis so gesê nie? -- Ek het nie eintlik gedink dat hulle die persoon wou doodmaak nie. Hulle het vir my gesê hulle wil Memese hê. Nadat ek vir hulle gesê het hulle moet die kantoor verlaat en nadat Memese vir my gesê het hulle wil hom doodmaak.

Nou sê u dat die woorde aan u gesê is deur Memese nadat u vir die persone gesê het hulle moet uit die kantoor gaan?
-- Nee. Ek sê ek het aan die mense gesê hulle moet die kantoor
K354 verlaat. Toe sê hulle vir my hulle wil vir Memese hê. Toe sê "Julle kan hom nie kry nie, hy is op diens."

Net om heeltemal duidelik te wees oor u getuienis. Nadat hulle gesê het hulle wil - jammer, laat ek dit so aan u stel. Het die persone daar vir u gesê dat hulle Memese wil doodmaak? -- Hulle het nie aan my gesê hulle wil Memese doodmaak nie.

Hulle het gesê hulle soek Memese? -- Hulle wil vir Memese hê.

Het u verstaan dat hulle daardeur bedoel het dat hulle vir Memese wil doodmaak? -- Hulle het gesê hulle wil Memese hê vir my. Memese het vir my gesê hulle wil hom doodmaak.

Net om die volgorde duidelik te kry. Het hulle vir u gesê hulle wil Memese hê na Memese vir u gesê het dat hulle hom wil doodmaak? -- Dit is reg.

En u antwoord aan hulle was "Julle kan hom nie kry nie, want hy is aan diens?" -- Dit is reg.

... / Toe

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Toe hulle so gesê het, was u onder die indruk dat hulle vir Memese wou doodmaak? -- Ek was nie onder die indruk dat hulle Memese sou doodmaak nie. Ek glo nie 'n mens sal sommer net 'n mens doodmaak nie. So, Memese het heel waarskynlik geglo dat hulle hom sou doodmaak. Hulle het nie vir my gesê hulle sal hom doodmaak nie. Hulle het net gesê hulle wil hom hê. Dit is al wat ek kan sê.

Was die geloof ook bevestig deur hulle houding daar? -- Die?

Die geloof wat u gehad het dat hy nie eintlik onder dreigement van dood was nie? Was dit bevestig deur hulle houding, hulle gedrag? -- Ek het na hulle toe beweeg nadat ek vir hulle gesê het hulle moet die kantoor verlaat. Hulle het agteruit gegaan. Ek het aanhou vorentoe beweeg totdat hulle uit die kantoor uit is en toe het ek die hek toegemaak en daarna die kantoor se deur toegemaak. Dit sou nie vir my help om eintlik enige houding in te neem nie. Die oormag was te groot. Al wat ek gedoen het was om te probeer om hulle van die perseel af te kry.

Ek wil dit aan u stel dat daar geen sprake was van doodmaak nie en dat u nie daarvan in hoofgetuienis melding gemaak het nie, omdat so iets nie gebeur het nie?

HOF : Het u getuienis tot die effek?

MNR. TIP : Ek het op hierdie stadium nie getuienis tot die effek nie.

HOF : Kan u dit dan stel? Op watter grond stel u dit?

MNR. TIP : Op die basis bloot dat hy geen melding daarvan gemaak het nie in sy hoofgetuienis.

HOF : Dit mag wees dat hy dit vergeet het, maar op watter basis stel u positief dat daar geen sprake was van doodmaak nie? Hy sê Memese het so gesê?

... / MNR. TIP

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. TIP : Dan kan ek dit nie positief stel nie. Dit is eintlik 'n afleiding van die feit.

HOF : U kan my later toespreek daaroor by die betoog.

MNR. TIP : Was dit maklik genoeg om die persone uit die kantoor uit te kry? -- Hulle het geen ander rede van so 'n groot menigte persone rondom my kantoor en om daar te wees nie. Hulle het nie 'n rede gehad nie.

HOF : Nee, die vraag is, het jy gesukkel om hulle uit jou kantoor uit te kry? -- Nee, dit het eintlik maklik gegaan. Al wat ek in my hand gehad het, was die kierie gewees. Ek glo hulle het eintlik maklik teruggegaan.

MNR. TIP : Hoeveel persone was binne-in die perseel wat in die hek ingekom het? -- Ek weet nie. Ek het nie die mense getel wat op die stoep was nie, maar in die kantoor was agt. Buitekant het nog 'n groot menigte gestaan.

Was daar ook van hulle wat buite die hek gewag het? Wat ook nooit eintlik in die perseel ingekom het nie? -- Daar was 'n groot menigte.

Wanneer het u die persone vir die eerste keer gesien die dag? -- Toe hulle daar gearriveer het.

In Memese se kantoor of waar was hulle? -- Ek kon uit my kantoor uit - daar is 'n deur. Deur 'n venster kon ek na buite gesien het, 'n paar vensters en ek het hulle daar gesien. toe ek uitgekom het in die inkomstekantoor in.

U het die woord gebruik "afgestorm"? -- Ja.

Wat bedoel u eintlik daarmee? -- Hulle het gehardloop in die kantoor in.

Soos persone wat haas of soos persone wat 'n plek aanval? -- Ek sou sê soos persone wat 'n plek aanval.

Maar hulle het inderdaad die plek geensins aangeval nie? -- Hulle het geen skade daar aan die kantoor aangerig

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie. Ek sal dit so stel. Hulle het geen skade aangerig nie.

Was daar enige dreigement deur hulle geuiter? -- Daar was nie 'n direkte dreigement teenoor my nie.

Het u ooit uitgevind wat hulle daar wou hê? -- Die voorval was aan die polisie gerapporteer en ek ag dit die polisie se plig om die ondersoek te doen. Ek ondersoek nie sake nie.

Het u nie vir mnr. Memese gevra wat soek hulle hier nie? -- Nee, ek het nie vir mnr. Memese gevra nie.

My vraag is eintlik of u ooit van mnr. Memese self vasgestel het wat hulle daar gesoek het? -- Toe ons ry na die polisie toe, het ek vir Memese gevra "Wat soek hulle eintlik?" Toe sê hy vir my hulle soek vir hom.

Dra u enige kennis dat daar griewe was in verband met die skole in die gebied, ten tye van 11 Februarie? -- Ek het eintlik niks met die skole te doen nie. Die skole val nie onder my beheer nie.

En ek wil dit aan u stel dat die rede hoekom persone daar by u kantoor gekom het, was omdat hulle wou reël om die gemeenskapsaal te gebruik om 'n vergadering te hou met hulle ouers om die griewe te bespreek? -- Dit is nie nodig om vyfhonderd mense na my te stuur, ongeveer vyfhonderd mense om die saal te kom boek nie. Hulle kon een persoon gestuur het solank as wat die korrekte prosedure gevolg word en die saal geboek het.

En ek stel dit aan u dat hulle vir mnr. Memese, die burgemeester, wou spreek omdat toestemming vir gebruik van die saal geweier is? -- Wat hulle daar wou kom maak het, weet ek nie. Hulle het nie die korrekte prosedure gevolg om die saal te kom boek nie. So, ek kon nie die saal aan hulle gee as hulle die saal wou gehad het nie. As hulle die saal op die korrekte prosedure geboek het, kon ek waarskynlik die saal vir hulle

... / gegee

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gegee het.

HOF : Wat presies is die korrekte prosedure? Hoe lank voor die tyd moet ŉ mens aansoek doen en wat moet jy invul? -- Daar is ŉ vorm wat ingevul word deur die persoon wat die saal wil huur en dan moet hy die fooi onmiddellik betaal, die neergelegde fooi. Dan gee ek hom ŉ bevestiging, ŉ geskrewe bevestiging dat hy die saal geboek het plus die kwitansie en ŉ afskrif van die vorm wat hy voltooi het. Dan plaas ek sy bespreking van die saal op ŉ dagboek. Op die bepaalde dag word daardie bespreking dan aan die opsigter gegee, dat hy moet oopmaak vir daardie mense.

MNR. TIP : Wat dink u sou die persepsie wees van die gemeenskap as hulle daarvan kennis neem dat skoliere wat die burgemeester wil spreek uit sy kantoor gejaag is deur beamptes van die Ontwikkelingsraad? -- Die mense was nie uit die Gemeenskapsraad se kantoor uitgejaag nie. Hulle was uit die inkomstekantoor van die Administrasie gejaag.

En dat hulle die burgemeester van die Gemeenskapsraad nie kan spreek nie, omdat hy aan diens is by die Raad? -- As ŉ gematigde paar persone gekom het en versoek het om met hom te praat, sou ek heel waarskynlik toegelaat het, maar nie so ŉ massa mense nie.

Het julle telefone daar in die kantoor? -- Daar was ŉ telefoon, ja.

Maar julle het nie die polisie daarvandaan gebel nie? -- Ons maak gebruik van ŉ handsentrale daar en jy probeer partykeer tot twintig minute om die sentrale in die hande te kry, wat sê nog die polisie.

Ek wil dit ook aan u stel dat die groep baie minder as die vyfhonderd waarvan u melding gemaak het? -- Ek het hulle nie een vir een getel nie, maar ek het hulle geskat vyfhonderd.

... / Daar

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Daar is getuienis hier van 'n polisiebeampte wat hulle so in die omgewing van honderd geskat het? -- Daar was geen polisiebeampte in my kantoor of by my kantoor toe daardie mense daar gekom het nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Kan mnr. Tip miskien net besonderhede gee van die honderd en die polisiebeampte na wie hy verwys?

MNR. TIP : Dit was by mnr. Du Pisanie se getuienis. Dit is so teen die middel van bladsy 5 398.

MNR. KRÜGEL : Hy het 'n rapport ontvang van tweehonderd persone wat die kantoor wou aangeval het.

MNR. TIP: Ek glo dit is iets wat hy self - hy was die dag op diens.

HOF : Stel u dit aan die hand van wat ander getuies gesê het of stel u dit aan die hand van u eie inligting?

MNR. TIP : Aan d ie hand van ons eie inligting dat dit miskien so in die omgewing van tweehonderd na tweehonderd-en-vyftig was.

HOF : Wat sê u van so 'n skatting? Tweehonderd na tweehonderd-en-vyftig? -- Ek het hulle geskat op ongeveer vyfhonderd.

MNR. TIP : En u het vir mnr. Memese die haelgeweer gegee terwyl julle nog in die kantoor was? -- Ja, ek het hom die haelgeweer in die kantoor gegee en gesê "Gaan klim in die bakkie in" en ek het saam met hom aangeloop en die deur toegetrek en ook in die bakkie ingeklim.

Het hy eerste uit die kantoor uitgegaan? -- Hy was voor my buite op die stoep gewees.

Was hy tydelik buite u gesigsveld? -- Nee.

Wat was die doel van die rit na die polisie? Hoekom het julle soontoe gery? -- Ek het soontoe gegaan omdat ek nie die sentrale kon gekry het nie. Ek het direk soontoe gery.

Was daar nog beamptes in die kantoor self? -- Daar was

... / geen

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

geen beampte daar nie. Niemand was daar nie.

Maar niks het met u kantore gebeur nie die oggend? -- Daar het niks daar gebeur nie.

Hoeveel polisie het saam met julle teruggery? Dit is nadat julle by die polisiestasie was? -- Ek weet nie hoeveel polisiebeamptes daar was nie. Toe ek hulle daar in Mnandi gesien het, het ek twee voertuie daar gesien en verskeie polisiemanne. Ek het hulle nie getel nie.

Was julle saam met die polisie terug na Memese se huis? -- Nee, die polisie was nie saam met my toe ek na Memese se huis toe gegaan het nie.

En toe julle vir die eerste keer by Memese se huis gekom het, het julle daar binnegegaan? -- Ons het nie binnegegaan nie.

Toe julle vir die tweede keer by Memese se huis gekom het, waar presies was die polisie op hierdie stadium? -- Ons het - daar waar ek hulle gesien het, het ek hulle gelos. Ek weet nie waar hulle daarvandaan af gegaan het nie.

Het u die polisie nie gesien op hierdie stadium nie? -- Ek kon hulle nie daarvandaan sien nie. Daar was huise was en geboue. Ek kon nie daardie plek waar ek hulle die eerste / keer gesien het van daar af sien nie. Dit is van Memese se huis af.

Was die polisie nie by Memese se huis toe julle vir die tweede keer daar gekom het nie? -- Nee, hulle was nie daar gewees nie.

Ek praat nou van die geleentheid toe julle van Antoniesse huis af terugry? Praat onsvan dieselfde geleentheid? -- Ja, maar ek het die polisie, voordat ek by Memese se huis gekom het, gesien staan, die polisievoertuie sien staan en die polisiemanne daar gesien. Ek het daar stilgehou, naby hulle

... / stilgehou

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

stilgehou. Daarvandaan af het ek na Memese se huis toe gery.

U het gepraat van 'n groep van so tweehonderd mense. -- Daar waar ek die polisie die tweede keer gesien het was ongeveer tweehonderd mense het ek geskat.

Wie was die naaste aan die groep? U, Memese of die polisie? -- Die polisie was nader aan die groep as ons.

Wat was die polisie se optrede op hierdie stadium? -- Toe ek uitklim, toe ek voor my bakkie kom, het hulle met klippe begin gooi en my aandag was afgetrek van die polisie. Ek kan nie sê wat die polisie daar gedoen het, wat hulle optrede daar was nie.

Terwyl julle nog in julle kantoor was, het dit nie gebeur dat die burgemeester, mnr. Memese, werknemers van die biersaal uitgeroep het wat bewapen was met assegaaie en spiese nie? -- Ek het nie gehoor dat hy enige mens geroep het terwyl ek op kantoor was nie, of terwyl ons voor die kantoor in die voertuig geklim het nie, ook nie toe ons weer teruggekom het en voor die kantoor verbygery het nie.

HOF : Was daar enige werknemers van die biersaal wat assegaaie en spiese of ander wapens gehad het? -- Nee, ek het nie gesien daar nie. As hulle voor buitekant in die straat was, sou ek hulle gesien het, maar ek het dit nie gesien nie.

MNR. TIP : Het u gesien dat die burgemeester naby die kantore die geweer gebruik het nie? Ek kan dit nou nie aan u stel dat hy skote afgevuur het nie, maar dat hy dit ten minste ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoe bedoel u gebruik? Soos 'n kierie? Gedreig met die ding of wat gemaak?

MNR. TIP : Gedreig met die ding. Dit is nou 'n leemte in die opdrag wat ons op hierdie stadium nie kan ophelder nie, ongelukkig. -- Hy het die geweer by my gevat, hy het vinnig

... / by

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

by die hek uitgegaan en ek het vinnig agter hom gevolg. Hy is vinnig om die voertuig en toe ek my deur oopmaak, het hy sy deur oopgemaak en hy het in die voertuig ingespring.

HOF : Jy kan amper sê julle het gevlug? -- Dit het eintlik daarop neergekom.

MNR. TIP : Dra u kennis van enige voorval wat later by die skool gebeur het waar die burgemeester gebruik gemaak het van die geweer? -- Ons was nie naby 'n skool gewees nie. Hy het nie die geweer gehad waar ek nie by was nie.

HOF : Hoe ver was daardie skietery wat u van gepraat het van die skool af? -- Die naaste skool was ongeveer honderd-en-vyftig meter.

En is daar geskiet in die rigting van die skool of weg van die skool af? -- Weg van die skool af.

MNR. TIP : Op die stadium wat mnr. Memese die skoot afgevuur het, hoe ver was die groep van julle af? -- Van my af of van die skool af?

HOF: Nee, van u af en van die bakkie af? -- Dit sou ongeveer tien treë van die bakkie af gewees het.

Dit is nou Memese? -- Mnr. Memese.

En die mense op wie hy geskiet het, hoe ver was hulle? -- Hulle was goed omtrent 'n sestig treë verder. Laat ek dit so stel, as hy op die mense geskiet het wat ek gesien het, dan was dit ongeveer sestig treë verder.

MNR. TIP : Het u self 'n vuurwapen gedra? -- Op daardie dag het ek nie 'n vuurwapen aan my gehad nie.

Het mnr. Memese 'n waarskuwingskoot afgevuur? -- Hy het die geweer reguit parallel met die grond aan sy skouer gehad. Ek het die skoot gehoor afgaan. Ek het die dop gesien uitspring. Ek aanvaar hy het die skoot afgetrek.

HOF : Dit is 'n haelgeweer, nè? -- Dit is 'n haelgeweer.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat se hael was dit? -- Dit was hierdie BB.

Hoe grof is dit? -- Dit is eintlik patryshael, alombekend as patryshael.

Hoe ver trek dit? -- Daardie hael se afstand is maklik na tagtig meter toe, maar dit hang af van die patroon ook.

MNR. TIP : Het die polisie op hierdie stadium - dit is voor mnr. Memese die skoot afgevuur het, het u gehoor dat enige skote van die polisie se kant af geklap het? -- Ek het nie gehoor nie. Die polisie was voordat ons daar gekom het daar. Toe ek daar kom, toe staan die polisie daar. Hulle kon geskiet het, ek het nie gehoor nie. Ek weet nie.

Dus, u het maar net een skoot gehoor en dit was blykbaar direk na die mense gevuur deur mnr. Memese? -- Ek het net een skoot gehoor. Ek kan nie sê dat hy op iemand gekorrel het nie. Ek het net gesien hy het die geweer aan sy skouer. Ek het net gehoor dat die skoot klap en ek het net gesien dat die dop uitspring.

Ek wil net na 'n ander aspek terugkeer en dit is die pamflet waaroor u getuig het wat melding gemaak het van mnr. Goniwe. Of was dit 'n plakkaat? -- Dit was 'n plakkaat gewees.

En u het gesê dit is 'n plakkaat wat geadverteer het dat mnr. Goniwe van Cradock 'n vergadering sou toespreek en u het daarna verder gesê dit het nie gemeld of hy van die UDF was nie? -- Nee, daar was nie gepraat van of hy van die UDF was nie.

Ek wil u net vra hoekom u dit nodig geag het om dit by te voeg?

HOF : Die getuie was gevra. U kan die vraag rig aan mnr. Hanekom.

MNR. TIP : Ek het nie 'n nota gemaak van die vraag nie.

In elk geval wil ek dit net aan u stel, ek weet nie of u enige

... / kennis

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

kennis daarvan dra nie dat mnr. Goniwe se verbintenis met die UDF slegs van Februarie 1985 af strek? --Ek ken mnr. Goniwe nie. Ek het nie na sy vergaderings en goed gegaan en gaan luister wat hy praat nie.

U Edele, ek het nie verdere vrae om nou te stel nie. Hopelik sal dit nie nodig word om wel verdere vrae aan die getuie te stel nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Rich, die drie persone wat in November 1983 die saal wou bespreek, het hulle die voorgeskrewe prosedure gevolg, 'n aansoekvorm voltooi en 'n fooi betaal? -- Hulle wou dit nie doen nie. Dit is een van die redes waarom ek nie die saal aan hulle wou gee nie, maar die saal was reeds geboek op daardie spesifieke dag toe hulle hom wou gehad het deur iemand anders. Hulle het toe gesê dit is vir 'n politieke - vir die UDF. Toe sê ek nee, dan moet hulle hom boek dat ek hom voor die gemeenskapsraad kan lê.

HOF : Is die prosedure dan so dat as iemand hom vir 'n politieke doeleinde wil hê, dan bespreek jy hom, jy betaal jou deposito, jy vul die vorm in en dan is dit ook nog onderhewig aan goedkeuring deur die gemeenskapsraad? -- Dit was 'n huishoudelike verstandhouding.

Ja-nee, ek wil net weet, jy moet betaal en jy moet bespreek en dan gaan dit gemeenskapsraad toe? Dit is nie so dat dit gaan gemeenskapsraad toe en dan betaal jy nie? -- Nee, die betaling kan altyd teruggegee word.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

HENRY MOORE MacDONALD, V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie, verbonde aan die veiligheidstak gestasioneer te Worcester? -- Dit is korrek.

... / Gedurende

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Gedurende 1984 was u reeds gestasioneer te Worcester? -- Dit is korrek.

Was daar gedurende 1984 enige organisasies aktief in die Swartwoon-gebiede van Worcester? -- Ja, daar was organisasies bedrywig, waaronder twee organisasies wat aan my bekend is as die United Women's Organisation en die Western Cape Civic Association.

Weet u of hierdie organisasies geaffilieer was by enige ander organisasie? -- Ja, beide die organisasies is by die United Democratic Front geaffilieer.

Net voordat ons aangaan, net 'n bietjie agtergrondinligting oor Worcester. Hoeveel Swartwoongebiede is daar? -- Daar is een Swartwoongebied. Dit staan bekend as die Zwelethemba Swartwoonbuurt en die inwonertal van die woonbuurt beloop ongeveer 10,000.

Weet u wat is die inwonertal van die Blankes in Worcester distrik min of meer? -- Ongeveer 150,000.

HOF : Dit is nou die Worcester distrik of net Worcester self? -- Die Landdrosdistrik.

MNR. HANEKOM : Het daar in 1984 'n gemeenskapsraad bestaan in Zwelethemba? -- Daar het 'n gemeenskapsraad gefunksioneer. Dit is korrek.

Uit hoeveel raadslede het die Raad bestaan? -- Die Raad het uit sewe lede bestaan.

Op 15 September 1984 was u aan diens in Zwelethemba? -- Ja, ek het as gevolg van 'n berig wat aan my gestuur was het ek na die Zwelethemba Swartwoonbuurt in Worcester gegaan.

Wat het u daar aangetref? -- Ek het daar ongeveer tweehonderd Swartjeugdiges aangetref en ook persone wat aan my persoonlik bekend is as lede van die Western Cape Civic Association.

... / Wie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wie was die persone wat aan u bekend was? -- Dit is 'n Swartman met die naam van Mathews Kapa.

Weet u watter posisie het hy beklee in die Western Cape Civic Association? -- As die sekretaris van die Western Cape Civic Association in Worcester.

Het u nog mense daar geken? -- Daar was 'n Swartvrou met die naam van Miriam Moleleki. Sy was op daardie tydstip die voorsitster van die organisasie wat bekend gestaan het as die United Women's Organisation.

Wat het daar gebeur? -- Die persone het daar rondbeweeg met pamflette wat hulle in die hand gehad het. Sommige van die jeugdiges het ook pamflette gehad. Dit was onder die aanwesiges versprei aan die persone teenwoordig daar by die betrokke plek in die woonbuurt.

Die Swartman en Swartvrou wat u genoem het, het hulle self pamflette gehad? -- Beide van hulle het pamflette in hulle hande gehad.

Het dit gelyk of hulle pamflette ontvang het of was hulle met verspreiding besig? -- Hulle was met verspreiding besig.

Op watter plek in die Swartwoongebied was dit? -- Soos wat 'n mens die Swartwoonbuurt inbeweeg, teen die ingang, waar die Swartwoonbuurt begin.

Het u op van die pamflette beslag gelê? -- Ek het op van die pamflette beslag gelê.

Ek toon eers een pamflet aan u. Dit sal wees <u>BEWYSSTUK ABA(1)</u>. Die pamflet wat u op beslag gelê het, is dit wat u nou in u hande het? -- Dit is korrek.

Lyk dit asof dit 'n fotostatiese afdruk is? -- Dit het die voorkoms van 'n fotostatiese afdruk.

Was dit in dié vorm versprei? -- Dit was in dié vorm versprei.

... / Die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Die afdrukke is nie baie duidelik nie, maar voor op die pamflet is twee embleme. Watter embleme is dit? -- Die embleem op die linkerkant is volgens my waarneming die embleem van die Western Cape Civic Association. Aan die bokant in die middel staan die letters WCCA. Die embleem aan die regterkant bevat of is die embleem van die United Democratic Front.

In die pamflet self word verwys na - word gesê die inwoners van Zwelethemba moet wegbly van die huurmotors van die Badi's en die Tsobo's? -- Dit is korrek.

Ken u die twee persone? -- Beide die persone is aan my bekend en beide was op daardie stadium lede van die Swart-gemeenskapsraad van die Zwelethemba woongebied.

Was beide van hulle van beroep huurmotoreienaars? -- Ja, beide, bo en behalwe ander bedrywighede, besit hulle ook huur-motors.

In die pamflet word gesê hulle is "Boer's puppets who sent away the people from their houses and zinc houses." Weet u waarna dit verwys? Was daar enige verskuiwings in Worcester? -- Op daardie stadium was daar nie verskuiwings in Worcester nie. Daar was wel 'n dispuut rondom die verskuiwing van persone vanaf Cross Roads Swartwoongebied in Kaapstad na Kyalitsha.

HOF : Maar het die persone iets te doen gehad met Cross Roads? Die twee persone Badi en Tsobo? -- Nee.

Hoe ver is Cross Roads van julle af? -- Ongeveer 80 kilo-meter.

MNR. HANEKOM : Dan word daar 'n oproep gemaak dat die huur-motors van die mense geboikot moet word van 15 September af? -- Dit is korrek. Dit is die dag waarop die pamflette ook versprei was.

Weet u uit eie waarneming of daar wel 'n boikot van die

... / twee

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

twee huurmotorbesighede was? -- Ja, daar was wel. 'n Boikot het plaasgevind. Daar het ook gevalle voorgekom waar persone gewelddadig uit die huurmotors verwyder is en daar toe nie van die dienste van die huurmotors verder gebruik gemaak is nie.

Ek toon 'n tweede pamflet aan u. Ek sal dit ophandig as ABA(2). Is dit ook een waarop u daardie dag by daardie plek beslag gelê het? -- Dit is korrek. Beide was gelyktydig versprei daar.

Was die pamflette ook in die vorm waarin die een is wat in u hand is en skynbaar ook 'n fotostatiese afdruk? -- Dit is korrek.

Op die pamflet se linkerbokant is die UDF embleem en dan net 'n entjie onder dit is daar in 'n vierkantjie so 'n kaart van Afrika. Weet u wat se embleem dit is? -- Nee.

En dan ook 'n embleem regs onder op die voorkant van die pamflet. Weet u wat se embleem dit is? -- Dit is 'n embleem wat aan my bekend gestaan het as die embleem van die Congress of South African Students.

COSAS? -- Ook bekend as COSAS, ja.

Was daar op daardie stadium 'n COSAS tak in Zwelethemba? -- Daar was nie 'n gevestigde tak nie, maar die COSAS organisasie was wel op daardie stadium in die woonbuurt bedrywig.

Op die agterkant van die pamflet aan die linkerkant bo is weer 'n embleem.Watter organisasie s'n is dit? -- Die embleem aan die linkerkant is die embleem van 'n organisasie wat bekend staan as die United Women's Organisastion.

En dan die embleem regs bo is weer die Western Cape Civic Association s'n. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Dan meld die pamflet dat hy gedruk en uitgegee is deur UDF Township Area Committee in Soutrivier? -- Dit is korrek.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u kennis gedra van daardie komitee? -- Nee, die UDF Township Area Committee wat hier na verwys word is nie in Worcester gesetel nie, maar wel in Soutrivier. Dit is 'n voorstad van Kaapstad.

Volgens die vertaling maak die agterkant van die pamflet melding van 'n busdiens van Ciskei wat geboikot word. -- Dit is korrek.

Was daar so 'n busdiens wat gefunksioneer het in Worcester? -- Nie op daardie stadium waarvan ek bewus was nie.

Die pamflet eindig af met 'n verwysing na die leiers van UDF wat in die selle aangehou was. Was daar op 'n stadium enige UDF aangehoudenes in Worcester? -- Nie in Worcester waarvan ek kennis gedra het nie.

Behalwe hierdie twee pamflette wat ons nou behandel het, is daar in daardie tydperk 1984, sê maar die hele 1984 ander pamflette of plakkate versprei in Zwelethemba? -- Nie waarvan ek bewus is nie.

Die organisasies wat u genoem het, Western Cape Civic Association en United Women's Organisation, het hulle vergaderings in Zwelethemba gehou in 1984? -- Dit is korrek.

Waar is die vergaderings gewoonlik gehou? -- Merendeels is dit gehou aan die huis van die persoon Mathews Kapa na wie ek alreeds verwys het.

Is die vergaderings geadverteer voor die tyd? -- Dit is korrek.

Het u enige van die vergaderings bygewoon of gemonitor? -- Nie persoonlik nie.

Is daar gedurende 1984 in Zwelethemba 'n kampanje gevoer teen die raadslede? -- Ja. Die kampanje wat gevoer is het 'n aanvang geneem met die verspreiding van die betrokke pamflette

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

en die boikot van die taxi's van die twee betrokke raadslede. Onmiddellik nadat hierdie pamflette versprei is en die taxi boikot van stapel gestuur is, het van die ander raadslede wat nou nie met hierdie huurmotors gemoeid is nie, klagtes gelê dat hulle met die dood gedreig was, telefonies, deur onbekende persone.

MR TIP : If I can just note an objection against the hearsay component of it.

MNR. HANEKOM : Ek bied dit net aan vir die feit dat klagtes wel by die polisie gelê is, nie om te bewys dat klagtes wel gelê is nie.

HOF : Goed, op daardie basis.

MNR. HANEKOM : Het enige van die raadslede bedank uit die Raad op daardie stadium? -- Na afloop van die betrokke voorval het al die raadslede bedank.

HOF : Van watter voorval? Van die klagtes? -- Die verspreiding van die pamflette, die taxi boikot en die klagtes. Na dit plaasgevind het, het die raadslede bedank.

Wanneer het hulle bedank? -- Ek is nie seker van die presiese datum nie.

In 1984? -- In 1984.

MNR. HANEKOM : Nadat die raadslede almal bedank het, is daar nuwe raadslede in hulle plek gekies of wat het gebeur? -- Nadat die gemeenskapsraadslede bedank het, was daar verdere nominasies aangevra vir raadslede om weer 'n gemeenskapsraad te vorm, maar daar was geen nominasies ontvang nie.

Weet u uit eie kennis of 'n ander organisasie die funksies van die gemeenskapsraad oorgeneem het of het daar niks gebeur nie? -- Op daardie stadium het daar niks gebeur nie. Die funksies van die Raad is nie op daardie stadium oorgeneem nie, maar wel op 'n later stadium.

... / Op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Op 23 September 1984 is u as gevolg van inligting na die huis van raadslid Tsobo in Zwelethemba, Worcester? -- Dit is korrek.

Wat het u daar aangetref? -- Op die grasperk voor die huis of altans in die tuin, daar is maar 'n droërige tuine het ek 'n bottel aangetref wat met petrol gevul was. Daar was ook sand onder in die bottel en ek het die bottel uitgeken as 'n petrolbom. Dit staan ook bekend as die sogenaamde Malatov Cocktail.

Was dit net die een petrolbom? -- Dit was net die een wat in die tuin was. Die ander een het ek daar aangetref voor die omheining wat toegang tot die huis verleen het.

Was daar enige skade aan die huis aangerig? -- Daar was geen skade aan die huis nie. Die petrolbom wat in die tuin aangetref was, die lont waarmee dit aangesteek sou gewees het het net effens gebrand en het nie die res van die inhoud van die bottel aan die brand laat slaan nie.

Is dieselfde huis van hierdie raadslid op 'n later stadium beskadig? -- Op 'n later stadium is die raadslid se huis totaal afgebrand, nadat die meubels eers uit die huis uitgedra is en buite aan die brand gesteek is en ook die huurmotor van die betrokke raadslid totaal verbrand is.

<u>HOF</u> : Wanneer was dit?

<u>MNR. HANEKOM</u> : Weet u hoe lank dit na hierdie eerste voorval was? -- Ongeveer 'n maand.

<u>HOF</u> : Dit is nou omtrent 23 Oktober? -- Ongeveer daar rond. Ek is nie seker van die presiese datum nie.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Wat het daarna van die raadslid geword, van Tshobo? -- Ten tye van die voorval waartydens sy huurmotor aan die brand gesteek is, het hy gevlug. Hy was ook terselfdertyd aangerand. Hy het 'n wond aan sy kop gehad. Hy het

... / sedertdien

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

sedertdien verdwyn. Ek weet nie waar hy hom bevind nie.

MNR. TIP VRA VIR 'N KORT VERDAGING. DIE VERDEDIGING WAS NIE VOORBEREID DAAROP DAT GETUIENIS OOR WORCESTER AANGEBIED SOU WORD NIE.

MNR. HANEKOM DEEL HOF MEE DAT HIERDIE FEIT AAN PROKUREUR SUTHERLAND ASOOK AAN MNR. BIZOS OORGEDRA IS.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

HENRY MOORE MacDONALD, nog onder eed

MR TIP : My Lord, may I just make mention that the two pamphlets which have been handed in as far as the translations are concerned, the accused have had a brief opportunity to look at them and it appears that there may be some amendments. I do not think any of them will affect the answers that the witness has given and that will be sorted out in the near future.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Mnr. MacDonald, wat is u rang? -- Ek is 'n adjudant-offisier.

Vir hoe lank was u te Worcester gestasioneer? -- Ek is nog steeds daar gestasioneer.

HOF : Wanneer het u daar gekom? -- In 1969.

MNR. TIP : Was u gedurende die tydperk tot 'n mate betr met die Zwelethemba woonbuurt? -- Aktief betrokke.

U dra seker kennis van die griewe van die inwoners daar? -- Daar het sekere van die griewe van die inwoners tot my kennis gekom.

Wil u miskien melding maak van die tipe griewe wat tot u kennis gekom het? -- Daar was op 'n stadium griewe oor swak behuising, teerstrate ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoe ver wil ons nou teruggaan, want ons wil darem nie van 1969 af hoor nie. By welke datum wil u by begin?

... / MNR. TIP

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. TIP : By die jaar so om en by 1982/83. -- Ja, in daardie omgewing sal korrek wees.

En elektrisiteit, was dit aan al die huise verskaf of net aan 'n paar? -- Sover my kennis strek, ek was nie so aktief met die woonbuurt gemoeid dat ek kan sê hoeveel huise elektrisiteit het of hoeveel het nie, maar daar is woonhuise daar in die woonbuurt wat nie van elektrisiteit voorsien is nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Maar was daar klagtes daaroor? U is nou besig met griewe? -- Ja, daar is klagtes gelê, maar nie teenoor my persoonlik nie, maar van tyd tot tyd aan die Ontwikkelingsraad dat daar nie voldoende elektrisiteitsgeriewe is nie.

Wanneer was die eerste gemeenskapsraad daar aangestel? -- Ek dra nie kennis wanneer die eerste gemeenskapsraad daar aangestel is nie.

Maar daar sou wel een bestaan het gedurende hierdie tydperk 1982/83? -- Ja, daardie tyd het daar wel 'n gemeenskapsraad gefunksioneer.

HOF : Dit word genotuleer dat beskuldigde nr. 15 terug is.

MNR. TIP : Die klagtes in verband met die griewe, dra u enige kennis van 'n poging deur die Western Cape Civic Association om die griewe te bespreek met die Administrasieraad? In besonder met 'n mnr. Pienaar? -- Ek dra nie persoonlik kennis daarvan. Dit is moontlik dat dit wel gebeur het.

En dat die Civic Association aansoek gedoen het om die gemeenskapsaal te gebruik om 'n vergadering te hou met die inwoners om die griewe te bespreek en dat die aansoek van die hand gewys is? -- Dit val 'n bietjie buite my veld. Dit is moontlik dat dit wel kon gebeur het, maar ek dra nie kennis daarvan nie.

En net volledigheidshalwe dat daar ook 'n poging aangewend

... / is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

is deur die Civic Association om die probleme met die Gemeenskapsraad te bespreek, maar dat daar geen antwoord van die Gemeenskapsraad was nie? --Ek dra nie kennis daarvan nie.

Wanneer presies het die lede bedank? Die lede van die Gemeenskapsraad? -- Die lede van die Gemeenskapsraad het na afloop van die voorval waartydens die pamflette versprei was, ek is nie seker van die presiese datum nie, maar na daardie voorval waartydens daardie betrokke pamflette versprei is en die taxi boikot gepropageer is en waartydens die klagtes van die doodsdreigemente ontvang is, het die Gemeenskapsraad bedank, maar ek is nie seker ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar voordat die persoon se huis gebrand het? -- Ek is nie seker of dit voor of na die huis gebrand het was nie. Ek kan dit miskien net korrigeer. U het nou gemeld of dit voor of na die huis gebrand het was. Dit was voordat die huis gebrand het. Ek het nou net spesifiek gedink aan die petrolbomme wat by die huis aangetref was, maar die bedanking van die raadsledeewas voor die voorval waartydens die huis totaal uitgebrand is en die meubels en die voertuig van die raadslid verbrand is.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Voormalige raadslid. -- Tsobo.

As hy alreeds bedank het is hy nie meer 'n raadslid nie. -- Dit is korrek.

MNR. TIP : Kon dit nie in 1985 gebeur het nie, die voorval waarvan u praat?

HOF : Die bedanking of die brand van die huis?

MNR. TIP : Die brand van die huis? -- Die brand van die huis is ek nie presies seker watter datum presies dit plaasgevind het nie.

HOF : Afgesien van die datum, u het vir ons gesê die pamflette was op 15 September, die petrolbom het u gevind op

... / 23

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

23 September en ongeveer 'n maand later het die voorval by die huis plaasgevind dat die motor en die huis afgebrand is? -- Dit is korrek.

Nou ja, dit plaas dit dan in 1984. Nou word aan u gestel, kan dit nie in 1985 wees nie? -- Nee, dan sal dit nie in 1985 wees nie.

Nee, maar u moet seker wees. -- Ja, ek sou sê dit was nie in 1985 nie.

MNR. TIP : Was dit die enigste voorval van verbranding van 'n raadslid se huis of van 'n voormalige raadslid se huis waarvan u kennis dra? -- Dit was nie die enigste voorval nie. Daar was wel klippe gegooi op een stadium, maar van verbranding was dit die enigste voorval. Daar was klippe gegooi na raadslede se huise.

Ek vra vir u oor verbranding? -- Die enigste verbranding.

Kon dit nie so teen Julie 1985 se kant gewees het nie? -- Julie 1985?

Wat die verbranding plaasgevind het? -- Nee, ek sou sê dit was gedurende 1984 wat die verbranding plaasgevind het.

Wanneer het u 'n verklaring in die verband gemaak? -- Ek het tydens die loop van die ondersoek van die aangeleentheid het ek 'n verklaring aan die ondersoekbeampte gemaak. Ek is nie presies seker van die datum nie. Dit sal op my verklaring verskyn.

Wie het die funksies van die Raad oorgeneem na die sewe lede bedank het? -- Vir 'n tydperk was daar geen funksionering van 'n raadslid nie. Op hierdie stadium is daar ook geen gemeenskapsraad wat funksioneer nie.

Wie regeer eintlik? Wie hanteer die tipe saak wat voorheen deur die Raad behandel was? -- Ek sou nie kon sê nie. Ek is nie gemoeid met die bestuur van die woonbuurt nie.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek is nie op hoogte met wat die aktiwiteite van die - hoe die woonbuurt op die oomblik bestuur word nie.

Het dit nie gebeur dat van die voormalige lede weer aangestel is tot die Raad nie? Dit is nou sedert die bedanking? -- Nee.

Is dit moontlik dat so iets wel gebeur het, maar dat u geen kennis daarvan dra nie? -- Dit is wel moontlik.

En is dit moontlik dat so 'n tweede aangestelde raad, dat die lede daarvan ook later in die loop van 1985 bedank het? -- Dit is moontlik, maar ek dra nie kennis van so 'n aangeleentheid nie.

Wat lei tot die afleiding dat die eerste pamflet ABA(1) te doen het met Cross Roads?

HOF : Nee, dit is nie wat die getuie gesê het nie. Die getuie is gevra is daar in Worcester enige persone van hulle huise verwyder of uitgesit. Toe sê hy nee, in Worcester het daar niks gebeur nie. Die naaste plek was Cross Roads. Toe het ek hom gevra hoe ver is Cross Roads. Toe sê hy dit is 80 kilometer weg. Eintlik het die pamflet niks te doen met Cross Roads nie.

MNR. TIP : Het u enigsins tot so 'n afleiding gekom dat die pamflet oor Cross Roads handel? -- Ja, gesien in die lig daarvan dat die pamflet lui oor die "removal of people from the zinc houses" was daar op daardie tydstip in koerantberigte melding gemaak van die verhuising van persone vanaf Cross-Roads na Kyalitsha. Oor daardie tydperk het daar al sulke gebeure plaasgevind. Sover dit die verskuiwing aanbetref van die persone van Cross Roads na Kyalitsha.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

... / HENRY

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HENRY MOORE MacDONALD, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP (vervolg) : Adjudant, vertel ons, die voorval wat u beskryf het met betrekking tot Tsobo - is dit Tsobo? -- Ja, Tsobo, Nicolaas Tsobo.

U het melding gemaak van die verbranding van sy huis, 'n beweerde aanranding op hom en dat hy toe van Zwelethemba verdwyn het? -- Dit is korrek.

Het die voorvalle min of meer gelyktydig gebeur? -- Min of meer.

Was dit in die loop van dieselfde dag of 'n paar dae daarna? -- Nee, daar was 'n tydsverloop tussenin. Soos ek reeds genoem het, dit het begin met die verspreiding van die pamflette en die boikotte van die taxi's en die mense wat uit die taxi's verwyder is en so aan. Daarna die voorval met die petrolbom wat nie ontbrand het nie, wat by die huis van Tsobo gevind was en daarna het die - is sy huis se meubels uitgedra op 'n later stadium en aan die brand gesteek buite die huis. Hy was binne-in sy huurmotor gewees. Toe is die huurmotor omgekeer en hy het in die proses beserings opgedoen. Die voertuig was aan die brand gesteek.

Die omkeer van die huurmotor, het u dit self waargeneem? -- Ek het dit nie self waargeneem nie. Ek het wel die toneel besoek waar die huurmotor uitgebrand gelê het. Dit was nadat die huurmotor reeds - die huurmotor is die vorige nag uitgebrand en ek het die volgende oggend die toneel besoek.

Was dit kort daarna wat hy blykbaar van Zwelethemba af weg is? -- Direk na hierdie voorval het hy verdwyn.

En was sy huis en meubels verbrand op dieselfde dag as die huurmotor? -- Die huis en die meubels was dieselfde aand verbrand as wat die huurmotor aan die brand gesteek is.

Ek wil dit aan u stel dat dit in Augustus 1985 was dat

... / mnr. Tsobo

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

mnr. Tsobo uit Zwelethemba is? -- Ek is nie seker presies wanneer hy uit die woonbuurt verdwyn het nie.

En dat die verbranding van sy huis glad nie in 1984 plaasgevind het nie? -- Sover my kennis strek het dit wel in 1984 plaasgevind.

Het u wel twyfel daaroor? -- Nee, ek twyfel nie daaroor nie.

Op 15 September 1984, dit is nou die dag toe u beslag gelê het op die twee pamflette wat hier ingehandig is, wat het u self opgemerk? U sê daar was pamflette versprei? -- Ja, die pamflette was versprei deur die betrokke persone wat ek reeds in my vorige getuienis genoem het en deur 'n aantal jeugdiges wat die pamflette vryelik onder mense loop en uitdeel het daar per hand. Hulle het dit in die hand gehad en het dit onder die aanwesiges versprei by die plek wat toegang verleen tot die woonbuurt.

Het u enigsins op 'n ander plek beslag gelê op soortgelyke pamflette? -- Nie op enige ander plek nie.

Kan u die Hof verseker dat beide die pamflette wel versprei was? -- Beide die pamflette was gelyktydig versprei. Ek kan net noem dat een van die pamflette was deur 'n Swartjeugdige wat aan my onbekend is persoonlik teen die voertuig waarin ek gesit het, se venster gedruk.

Was dit die pamflet wat oor die huurmotorboikot gehandel het? -- Dit is die ander een wat handel oor die aanval teen die grondwetlike bedeling.

HOF : ABA(2). -- Die pamflet wat handel oor die huurmotorboikot was deur raadslid Tsobo aan my oorhandig.

MNR. TIP : Waar en wanneer was dit? -- Gedurende die loop van die betrokke oggend by die Worcester se polisiekantoor. Dit is dieselfde oggend waarop die betrokke pamflette versprei

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was.

En was dit daarna wat u self Zwelethemba toe is en beslag gelê het op die pamflette? -- Dit was op 'n later stadium. Dieselfde dag.

HOF : Is u later na die woonbuurt toe of het u later die pamflet gekry? -- Nee, ek is later na die woonbuurt toe.

MNR. TIP : Is dit so dat raadslid Tsobo nogal heelwat saam met die polisie gewerk het? -- Ek sal nie kan sê nie. Ek het nie persoonlik kennis dat hy saam met die polisie gewerk het nie, maar uit die aard van die saak uit, het ek met hom te doen gehad met die loop van my werksaamhede, m aar ek sal nie sê hy het saam met die polisie gewerk nie. Hy was wel bekend aan die polisie.

En kon dit die persepsie gewees het van die lede van die gemeenskap dat hy wel bekend aan die polisie was en dat hy inderdaad wel saam met die polisie geloop het? -- Dit is vir my moeilik om die vraag te antwoord. As u vir my kan sê wat u bedoel met saam met die polisie geloop het. Ek sal nie sê hy het saam met die polisie geloop nie. Hy is 'n bekende inwoner van die Swartwoonbuurt vir baie jare gewees en uit die aard van die saak sou ek sê hy is bekend aan die polisie, maar ek sal nie sê hy het saam met die polisie geloop nie.

Die pamflet ABA(1) daar is melding van "puppets who sent away the people out of their or from their houses and zinc houses." Onthou u dit? -- Ek onthou dit.

Ek wil dit aan u stel dat dit eintlik handel oor die tyd dat van die raadslede en die beamptes mense uit hulle huise gesit het as hulle met die huurgeldbetaling agterstallig raak? -- Dit is moontlik, maar dit is vir my moeilik om die vraag te beantwoord, want uit die aard van die saak val dit

... / buite

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

buite my werksveld. Ek het nie te doen met mense wat uit huise gesit word en so meer nie.

Ek sal dit nie opvolg nie, maar ek wou dit net aan u stel om dit te probeer ophelder dat dit geensins betrekking het op verskuiwings as sulks nie? Verskuiwings van groepe mense? -- Wat bedoel u het nie betrekking nie?

Die sin wat hier in ABA(1) verskyn "the puppets who sent away the people from their houses and zinc houses." Is die vraag duidelik? -- Nee.

HOF : Die advokaat sê dat hierdie sin het nie betrekking op gedwonge verskuiwings nie, maar het betrekking op die uitset van persone wat hulle huur nie betaal nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

MNR. TIP : In elk geval gedurende 1984, die tydperk van die klagstaat, was dit die enigste pamflette wat versprei is in die woongebied?

HOF : Die getuie weet nie wat die tydperk van die klagstaat is nie? Vra u hom net oor 1984?

MNR. TIP : Ja, ek vra hom net oor 1984.

HOF : Is dit die enigste pamflette wat versprei is in die woongebied in 1984? -- Dit is die enigste pamflette - ek sal nie sê dit is die enigste pamflette wat in die woonbuurt versprei was nie. Oor daardie tydperk het daar pamfletverspreidings plaasgevind, maar hierdie spesifieke pamflette is die enigste pamflette wat in besit gekom het van die polisie. Dit is moontlik dat daar ander pamflette ook versprei was waarvan ons onbewus was.

MNR. TIP : Die vergaderings van die United Women's Organisation en die Western Cape Civic Association waarvan u getuig het, ek neem aan dat u geen van die vergaderings bygewoon het nie? -- Nie persoonlik nie.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u hulle op 'n ander manier bygewoon? -- Nie ekself nie.

U het melding gemaak van vergaderings by die huis van Mathews Kapa. -- Dit is korrek.

Persoonlik dra u geen kennis van die vergaderings nie? -- Ek weet wel dat daar wel vergaderings by Mathews Kapa se huis gewees het van die Western Cape Civic aangesien hy die sekretaris was van die Western Cape Civic, maar persoonlik dra ek nie kennis van die vergaderings nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae. (10)

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Voordat ek die volgende getuie roep, wil ek net 'n dokument ophandig. Die getuienis is reeds gelewer met betrekking tot BEWYSSTUK AE(30). Dit was 'n dokument wat in Xhcsa opgestel is. Die verdediging en die Staat kon nie ooreenkom oor die vertaling wat by hom is nie. Ons het intussen 'n vertaling opgestel en mnr. Bizos het dit laat tik. Die Staat en die verdediging kom ooreen oor die vertaling wat ek graag na u toe wil ophandig.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017